Persverklaring – 3 Maart 2020

In die boek *The Lost Boys of Bird Island* en die vertaalde weergawe daarvan, *Die seuns van Bird Island*, word stellings gemaak wat daarop kan dui dat, alhoewel hy nie by name genoem word nie, mnr. Barend du Plessis betrokke kon wees by die seksuele mishandeling van minderjarige seuns. Hoewel daar pogings aangewend is om sy identiteit te verbloem, aanvaar NB-Uitgewers dat daar steeds voldoende inligting in die boeke voorkom om mnr. Du Plessis te identifiseer as 'n betrokkene.

Die gewraakte stellings kon nie onafhanklik geverifieer word nie.

NB-Uitgewers vra onvoorwaardelik verskoning vir die publikasie van hierdie bewerings tot die mate dat dit mnr. Du Plessis impliseer, en vir die gepaardgaande inbreuk op sy menswaardigheid en aantasting van sy reputasie, asook die emosionele skade wat dit vir hom en sy familie veroorsaak het.

NB-Uitgewers het reeds onverkoopte eksemplare van beide die Afrikaanse en Engelse uitgawes van die boek aan die handel onttrek en die e-boek is van aanlynplatforms vir e-handel verwyder.

Persverklaring – 17 April 2020

Nadat 'n aantal faktore opgeweeg is, het NB-Uitgewers besluit om die boek *The Lost Boys of Bird Island* en die vertaalde weergawe daarvan, *Die seuns van Bird Island*, aan sirkulasie te onttrek. Dit geld sowel die gedrukte as digitale formaat, en die boek sal ook nie herdruk word nie. NB betreur en vra opreg verskoning vir die emosionele skade wat die publikasie van die boek vir die Malan- en Wiley-familie kon veroorsaak het.

Press Release – 28 April 2020

Ishmet Davidson, as CEO and on behalf of Media24, extends an unreserved and sincere apology to Barend du Plessis and his family as well as to the Malan and Wiley families for the harm caused by the allegations contained in the book The Lost Boys of Bird Island.

Media24 acknowledges that these allegations are unfounded and the book itself has already been withdrawn from trade - both in digital and print formats.

A settlement offer of R3 000 000 is extended to Barend du Plessis as compensation for the pain and suffering caused by the allegations in question